education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 7

EERSTE ADDISIONELE TAAL (EAT)

KONTROLETOETS

PUNTE: 60

NOVEMBER 2024

Naam van leerder:_____

Klas: _____

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:

• VRAAG 1: BEGRIPSTOETS	Punte: 20
• VRAAG 2: VISUELE TEKS	Punte: 10
• VRAAG 3: OPSOMMING	Punte: 10
• VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES	Punte: 20

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Trek ‘n lyn na elke voltooide afdeling.
6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
7. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs ‘n blou pen.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: BEGRIPSTOETS

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

Stokperdjies



1. Toe Portia jonger was, het sy mooi klippe versamel. Sy het ure lank deur die hope klippe gekyk, op soek na iets wat blink of skitter. Sy het haar versameling van klippe in 'n skoenboks onder haar bed gehou. Haar ander gunsteling stokperdjies is om na musiek te luister en na haar ma se modetydskrifte te kyk.

2. Daniël is baie anders. Sy stokperdjie is kosmaak, en hy was nog altyd mal daaroor. Toe hy ‘n klein seuntjie was, het hy modderpasteie en groot, ronde modderkoeke gemaak. Hy het hulle selfs versier met klippe, asof die klippe kersies is. Hy help almal deur koeke te bak vir koekverkope en lekkers te maak vir partytjies. Sy vriende sê sy stokperdjie is eet, nie kosmaak nie, maar hy sê jy moet proe wat jy kook om te sien hoe lekker dit is.

3. Toe Khumo klein was, was hy mal daaroor om sy pa met sy houtwerk te help. Hy het sy pa vir ure dopgehou en vir hom die hamer of 'n spyker aangegee wanneer hy dit ook al nodig gehad het. Hy het daarvan gehou om die saagsels in die motorhuis waar sy pa gewerk het, op te vee. Maar nou het hy net tyd vir sy sport. Hy kan vir 'n hele middag 'n bal rondskop sonder om verveeld te raak. Hy het nie tyd vir enige ander stokperdjies nie.

4. Jeremia se stokperdjie is lees. Hy was nog altyd lief vir boeke. Toe hy baie jonk was, het hy op sy pa se skoot gesit terwyl sy pa vir hom stories gelees het. Sy pa het altyd vir hom gesê wanneer hy die bladsy moet omblaai. Jeremia kon lees nog voor hy skool toe gegaan het. Die mense by die biblioteek het hom baie goed geken, want hy het elke Saterdag daarheen gegaan om nuwe boeke uit te neem. Jeremia se ander stokperdjie is om wetenskaplike eksperimente te doen, maar sy ma is bang dat hy homself eendag kan opblaas. Hy doen dus net eksperimente wanneer sy ma by hom is.

Bron: *https://laervolkskool.co.za/Pages/Vraestelle.asp*

Kopiereg voorbehou

Vrae:

1.1 Hoeveel karakters se stokperdjies word in die leesstuk bespreek? (1)

_____

1.2 Hoeveel stokperdjies het Portia gehad? (1)

_____

1.3 Waar het Portia haar versameling klippe gebêre? (1)

_____

1.4 Watter stokperdjie doen Khumo noudat hy ouer is? (1)

_____

1.5 Wat is Jeremia se ander stokperdjie, behalwe om te lees? (1)

_____

1.6 Waarom het Daniël se vriende gesê dat sy stokperdjie eet is? (1)

_____

1.7 Wat, volgens die leesstuk, is ‘n biblioteek? (1)

_____

1.8 Is die volgende stelling WAAR of VALS? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

1.8.1 Skool was vir Jeremia makliker as vir die ander leerders.

_____

_____ (2)

1.9 Kies die korrekte antwoord.

1.9.1 Wat beteken gunsteling? (paragraaf 1)

A Om baie stokperdjies te hê.

B Iets waarvan jy baie hou.

C Om na musiek te luister.

D Om klippe te versamel. (1)

Kopiereg voorbehou

1.9.2 Waarom gebruik bakkers kersies wanneer hulle koeke versier? (paragraaf 2)

A Dit laat die koek mooi lyk.
B Dit help dat die koek rys.
C Dit laat die koek vars bly.
D Dit is hulle stokperdjie. (1)

1.9.3 Wat beteken dit om verveeld te wees?

A Om nie te weet wat jy moet doen nie.
B Om nie in iets belang te stel nie.
C Om nie van iets te hou nie.
D Om van sport te hou. (1)

1.9.4 Waarom dink jy het Jeremia se pa vir hom gesê wanneer hy die bladsy van die boek moes omblaai?

A Omdat Jeremia daarvan gehou het om op sy pa se skoot te sit.
B Hy kon nog nie lees om te sien wanneer sy pa klaar is nie.
C Sy pa was te oud om die bladsy om te blaai.
D Sodat hulle na die volgende prentjie kan kyk. (1)

1.10 Haal die woorde uit paragraaf 4 aan wat bewys dat Daniël se ma dink dat hy gevaarlike ekspirimente doen. (1)

_____

1.11 Dink jy dat Khumo ‘n flukse klein seuntjies was? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

_____

1.12 Beskryf hoe Daniël en Khumo se stokperdjies van mekaar verskil. (2)

_____

_____

Kopiereg voorbehou

1.13 Dink jy Jeremia se stokperdjie gaan hom eendag help om in die toekoms suksesvol te wees? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____

Punte:20

VRAAG 2: BEGRIPSLEES: VISUELE TEKS

Lees die spotprent en beantwoord die vrae.



Bron: *Facebook*

Vrae:

2.1 Hoeveel karakters is in die strokie?

_____ (1)

2.2 Kies die korrekte antwoord.

2.2.1 Kyk na die gesigsuitdrukking van die vrou in die prentjie. Hoe dink jy voel sy?

A opgewonde

B hartseer

C geskok

D bang (1)

Kopiereg voorbehou

2.2.2 Kyk na die gesigsuitdrukking van die man in die prentjie. Hoe dink jy voel hy?

A verveeld

B kwaad

C verras

D vrolik (1)

2.2.3 Watter woord in die strokie dui daarop dat die vrou iets laat val het?

A Kaaskrul

B Uiltjie

C Crash

D Knip (1)

2.2.4 In watter vertrek van die huis sit die man?

A Slaapkamer

B Eetkamer

C Kombuis

D Sitkamer (1)

2.2.5 Wat het die vrou gedink het die man bedoel met “ek gaan ‘n uiltjie knip”?

A Hy gaan ‘n uil met ‘n skêr knip.

B Hy gaan ‘n uil se vere knip.

C Hy gaan ‘n rukkie slaap.

D Hy gaan ‘n uil vang. (1)

2.2.6 Waarom dink jy is daar ‘n uitroepteken bo die uil se kop?

A Die uil wil graag sy vere laat sny.

B Die uil is opgewonde.

C Die uil skree hard.

D Die uil praat. (1)

Kopiereg voorbehou

2.3 Dink jy dat die man die uil styf vasgehou het? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

_____ (2)

2.4 Hoe dink jy gaan die spotprent eindig?

_____ (1)

Punte :10

VRAAG 3: OPSOMMING

Lees die volgende artikel deur en som dit in 7 hoofpunte (50 - 60 woorde) op:

- Beplan jou opsomming deur hoofgedagtes te identifiseer.
- Nommer die hoofgedagtes.
- Skryf die hoofpunte puntsgewys in jou eie woorde en nommer jou hoofpunte.
- Skryf in volsinne.
- Skryf ‘n finale weergawe van jou opsomming.
- Gebruik korrekte punktuasie, spelling en taalkonvensies.
- Skryf die hoeveelheid woorde aan die einde van die opsomming neer. [10]

Behandel ander met respek



Respek begin met luister. Wanneer iemand met jou praat, moet jy jou volle aandag aan hulle gee en hulle nie onderbreek nie. Dit laat die persoon wat praat voel of jy belangstel in dit wat hy of sy te sê het.

Woorde soos "asseblief," "dankie," en "jammer" is belangrik. Dit wys dat jy die ander persoon se gevoelens en opinies respekteer. Dit is ook goeie maniere om die woorde te gebruik.

Help ander mense waar jy kan. Klein dade van vriendelikheid, soos om iets op te tel wat iemand laat val het, wys dat jy omgee.

Moet nooit iets vat wat aan iemand anders behoort sonder om te vra nie. Dit wys dat jy hulle ruimte en besittings respekteer. Dit is ook teen die wet om te steel en jy kan in die moeilikheid beland.

Mense is nie almal dieselfde nie, en dit is belangrik om ander se opinies, kultuur, en agtergrond te respekteer, selfs al stem jy nie saam nie. Moenie dinge daaroor sê wat ander kan seermaak nie.

Kopiereg voorbehou

Gebruik 'n sagte en vriendelike toon wanneer jy met ander praat. Moet nooit skree of lelike name gebruik nie. Niemand hou van bakleiers nie.

Waardeer wat ander mense vir jou doen, veral jou ouers en onderwysers. Kinders besef nie altyd wat ander opoffer om hulle te versorg en ‘n goeie toekoms te gee nie.

Verwerk en aangepas vanaf: *https://www.jw.org/af/biblioteek*

Rubriek vir die nasien van ‘n opsomming			
Kriteria	**7 punte**	**4, 5, 6 punte**	**0, 1, 2, 3 punte**
Inligting	Belangrike inligting is ingesluit (7 hoofpunte)	Sommige inligting ontbreek (4 – 6 hoofpunte)	Slegs 0 – 3 hoofpunte
Bewoording, spelling, taalstuktuur en -konvensie	**3 punte**	**2 punte**	**1 punt**
	Gebruik eie woorde om opsomming te skryf. 1 – 3 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor.	Gebruik soms direkte aanhalings in opsomming. 4 – 5 spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor.	Gebruik meestal direkte aanhalings in opsomming. 6 of meer spel-, taalstruktuur- en konvensiefoute kom voor.
			[10]

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

Let daarop dat jy in hierdie afdeling gepenaliseer sal word indien jy spelfoute maak waar jy woorde uit die vraestel moet oorskryf.

Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae:

Daar is vyf oop sitplekke in ons klas. Ek weet self nie hoekom ek
weer op my ou plek gaan sit het nie.
Toe ek my goed wil uitpak, sê Uli:
“’n Mens kan ongelukkig nie sommer net
terugkom as ‘n mens eenmaal weggegaan het nie.”

Verwerk en aangepas: *https://www.litnet.co.za*

Vrae:

4.1 Kies die regte antwoord. Watter **woordsoorte** is die onderstreepte woorde?

4.1.1 Daar is vyf oop **<u>sitplekke</u>** in ons klas.

A Voornaamwoord

B Versamelnaam

C Soortnaam

D Byword (1)

Kopiereg voorbehou

4.1.2 Toe ek my goed wil uitpak, sê **Uli**…

A byvoeglike naamwoord
B Voegwoord
C Lidwoord
D Eienaam (1)

4.1.3 Ek weet self nie hoekom **ek** weer op my ou plek gaan sit het nie.

A selfstandige naamwoord
B Voornaamwoord
C Voorstesel
D Telwoord (1)

4.1.4 Daar is **vyf** oop sitplekke in ons klas.

A Voornaamwoord
B Werkwoord
C Voorsetsel
D Telwoord (1)

4.1.5 Ek weet self nie hoekom ek op my **ou** plek gaan sit het nie.

A selfstandige naamwoord
B byvoeglike naamwoord
C Voornaamwoord
D Werkwoord (1)

4.2 Gee 'n **antoniem** vir staan in die bostaande paragraaf. (1)

_____

4.3 Skryf die volgende sin in die **verskillende tydsvorme**

Daar is vyf oop sitplekke in ons klas.

4.3.1 verlede tyd (1)

_____

Kopiereg voorbehou

4.3.2 toekomende tyd (1)

_____

4.4 Sê of die volgende woorde **afleidings** of **samestellings** is. Skryf die stamwoorde van elke woord.

4.4.1 Ongelukkig (2)

_____

4.4.2 sitplek (2)

_____

4.5 Verduidelik die funksie van die **aanhalingstekens i**n die volgende sin "'n Mens kan ongelukkig nie sommer net terugkom as 'n mens eenmaal weggegaan het nie." (1)

_____

4.6 Identifiseer die **onderwerp** en die **gesegde** in die volgende sin.

My sitplek in die klas was oop. (Omkring die letter van die korekte antwoord)

Onderwerp		Gesegde
A	My sitplek	in die klas was oop
B	My sitplek in die	klas was oop
C	My sitplek in die klas	Was
D	My sitplek was oop	in die klas

(2)

4.7 Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**.

Ek trek die stoel uit sodat ek daarop kan sit.

Begin jou sin met: Die stoel…_____ (1)

4.8 Skryf die volgende sin in die **indirekte rede.**

Uli sê: "Jy mag nie op die stoel sit nie." (1)

_____

Kopiereg voorbehou

4.9 Skryf die volgende sin in die **ontkennende** vorm:

Ek sit op die stoel. (1)

_____

4.10 Gee die **meervoud** en **verkleinwoord** van mens.

4.10.1 Meervoud _____

(1)

4.10.2 Verkleinwoord _____

(1)

Punte:20

GROOTTOTAAL: 60

Kopiereg voorbehou